# Rekspring en die eKstreme sublieme

**Amanda du Preez**

Amanda du Preez het haar doktorale studies aan Unisa voltooi met 'n proefskrif getiteld "Gendered bodies and new technologies" (2002). Sy doseer tans Visuele Kultuurstudies en Kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.
Epos: amanda.dupreez@up.ac.za

**Bungee jumping and the eXtreme sublime**

This article traces the relation between bungee jumping as eXtreme sport and the experience culture that we live in. It is argued that the sublime has been commodified to suit consumers' preferences and choices. The higher the bridge or drop the more enticing and challenging the jump. The sublime experience of bungee jumping has been reduced to a "drug" that can be induced whenever a quick fix of adrenaline is needed. The difference between the Kantian sublime and the sensational sublime, as figured in bungee jumping and other extreme sports, is also discussed. Some comparative notes are made between the Romantic sublime as figured in the landscapes of Friedrich and bungee jumping. Where the Romantic sublime still worked with a necessary distance between object and subject the contemporary extreme sublime attempts to momentously disrupt the distance and become one with the eventfulness of the sublime. **Key words:** Bungee jumping, extreme sport, Kantian sublime.

Een van die mees ontstellende beelde van die onlangse tyd is sekerlik dié waarin mense uit die brandende twee torings vanuit die Wêreldhandelsentrum na benede spring om 'n gewisse vlammedood te ontsnap. Die feit dat hulle tog ongetwyfeld na hulle dood spring, maak die beelde soveel meer skokkend en aangrypend. In kontras met die dapper spronge die dood in, is die beeld van 'n persoon wat op 'n hoë brug staan en na die aftel van "drie, twee, *bungee*" die afgrond afspring. Die verskil is natuurlik dat die persoon in laasgenoemde geval 'n veiligheidskoord aan die voete vasgegordel het. Dit beteken dat rekspring (*bungee jumping*) nie 'n onvoorwaardelike sprong die afgrondelike of die afgryslike in is nie, maar veel eerder 'n ongekende plesier ontketen wanneer die dood tydelik oorwin of uitgestel word. Daarom kan die eersgenoemde wanhopige sprong vanuit die brandende torings moontlik beskryf word as 'n "egte" of onvoorwaardelike sprong die sublieme in, terwyl rekspring dalk die beste beskryf kan word as 'n soort kapitalistiese flirtasie met die sublieme.

Die beeld van die mens wat op die afgrond staan en gekonfronteer word met haar eie eindigheid of dan die sublieme, is natuurlik nie eie aan ons tyd nie. Die Romantiek het op kleurryke wyse reeds in die agtiende eeu die tema van die sublieme aan die woord gestel beide in

literêre, musikale, visuele en filosofiese tekste. Die sublieme se wortels lê dan ook veel verder as die Romantiek, maar eerder in die retoriek van die Klassieke in die geskrifte van Longinus, waarin gespekuleer is oor die mees treffende wyses waarop die onvoorstelbare gekommunikeer kan word. Die sublieme wat in meer onlangse postmoderne tekste te voorskyn kom, in veral tekste oor die estetika, handel oor die "conceptually inappropiable" (White, 1997: 126,141), die onvoorstelbare, die ongesegde en die onuitspreeklike, Daarom is elke poging om die sublieme voor te stel of uit te spreek noodwendig tot futiliteit verdoem. Hoe kan die onvoorstelbare immers voor gestel word? Of soos Lyotard, belangrike verwoorder van die sublieme in die postmoderne verduidelik, die voorstelling van die sublieme eindig noodwendig in 'n "negatiewe voorstelling" (Lyotard, 1993: 11). Dit beteken dat die negatiewe voorstelling van die sublieme wel getuienis lewer van die bestaan van die onvoorstelbare, maar dit slegs kan doen by grasie van die onvoorstelbaarheid daarvan. Ironies kan die uitbeelding van die sublieme ons net laat met 'n voorstelling van die onvoorstelbare.

Tog is dit skynbaar juis hierdie inherente paradoks in die sublieme wat die onderwerp sy lewenskrag gee. Elke poging om die sublieme voor te stel misluk, maar tog is daar elke keer opnuut die poging om die geheimenisse daarvan voor te stel. In die geval van rekspring en alle ander eKstreme (*eXtreme*)[1] sportsoorte en avonture kry ons egter 'n interessante eiesoortige ontmoeting met die sublieme. Dit is hier waar die sublieme tot toeristiese kommoditeit vervlak word en herhaaldelik geïnduseer kan word totdat dit 'n blote verbruikersverslawing word. Die sublieme word 'n *quick fix* vir 'n oorversadigde beelde kultuur wat skynbaar twyfel aan die grense van sy eie werklikheid en bestaan. Dié ontmoeting is egter na my mening geen "ware" ontmoeting met die sublieme nie, want die veiligheidsnette en koorde verseker onsterflikheid. In die geval van die spronge uit die brandende torings is daar geen veiligheidsnette of versekeringe nie, slegs maar die onvoorstelbare. Dit is juis hierdie kontras wat die tema van hierdie ondersoek sal vorm en my ondersoek na die verskynsel van rekspring as verteenwoordigend van eKstreme sport en avonture sal lei.

**Van rite tot verbruik: 'n kort historiese oorsig van rekspring**

Die eerste vorme van wat as rekspring getipeer kan word, toon merkwaardige verskille met die hedendaagse plesierhonger weergawes daarvan in die populêre media. Inteendeel, die eerste sosiaal georganiseerde spronge vanaf hoogtes vorm veel eerder deel van 'n

geritualiseerde spel tussen die geslagte soos opgeteken deur die Bunlap gemeenskap op die Pentacost-eilande in die suidelike Stille Oseaan. In die gemeenskap staan die spronge vanaf hoë opgerigte houttorings bekend as "landspronge" (Muller, 1970) en is ook meer gevaarlik as die sogenaamde eKstreme sportsoort waaraan ons gewoond is, omdat dit sonder die gesofistikeerde tegnologie van moderne reksprong gedoen word.

Die sogenaamde "landsprong" spruit uit 'n legende wat deur die Bunlap vertel word van 'n man wat sy vrou sleg behandel het. Sy het weggevlug en in 'n boom geklim en haar man het haar agtervolg. Sy het egter intussen gevlegte toue van plantaardige materiaal (bekend as *lianas*) om haar enkels vasgemaak en toe haar man haar bereik spring sy na benede. Hy het natuurlik agterna gespring en terwyl die toue haar lewe gered het, het hy na sy dood geval. Die ander mans in die gemeenskap het hierop reageer deur te begin oefen om vanaf hoogtes te spring met *lianas* om hulle enkels, vasbeslote dat geen vrou hulle op dieselfde wyse sal uitoorlê om tot hulle dood te val nie. Die "landsprong" word ook verder verbind aan vrugbaarheid en goeie oeste en dien selfs as 'n psigologiese ontladingsritueel. Alvorens daar gespring word, kan alle probleme (ook huweliksprobleme) bekend gemaak word aan die gemeenskap, wat van onder toekyk. Die "landsprong" dien dus byna as 'n terapeutiese ritueel by die Bunlap. Wat die "landsprong" egter grootliks van rekspring onderskei, is die feit dat dit 'n streng geritualiseerde aktiwiteit is wat slegs een maal per jaar plaasvind en slegs onder sekere voorwaardes mag geskied. So is vroue natuurlik uitgesluit van die aktiwiteit, veral gegewe die oorsprong van die legende. Die sprong word dus sterk met manlike inisiasie geassosieer en daarom word deugde soos dapperheid verbind aan die een wat van die hoogste punt afspring.

Rekspring soos dit in die moderne wêreld bekend staan het sy oorsprong in die ondermynende middernagtelike spronge van die Dangerous Sports Club van Oxford wat op 1 April 1977 vanaf die Clifton-brug in Bristol, Engeland, gespring het. Die waaghalse is kort daarna gearresteer omdat hulle sonder toestemming van die brug gebruik gemaak het. Die term *bungee* verwys na 'n Britse *slang* term vir Indiese rubber (South African Bungee jumping, 2004) en die term word op verskillende wyses gespel en na verwys soos byvoorbeeld: *bungee, bungy, bunjee, Le Benji* of selfs "selfmoordpraktyk" (BungeeZone, 2004). Alhoewel rekspring met tussenposes deur verskillende regerings verban is – soos die Franse regering wat vanaf 1989 dit verbied het nadat drie mense gesterf het – bly dit 'n groeiende aktiwiteit wat deur al hoe meer

mense wereldwyd beoefen word. Reksprонge word nie net vanaf brûe gewaag nie, maar ook (ondenkbaar) vanaf hyskrane en warmlugballonne. Hoe groter die gevaar, hoe groter die uitdaging natuurlik.

**Rekspring en ander eKstreme sportsoorte as toeristiese ervaring**

Suid-Afrika het 'n gewilde toeriste bestemming geword vir diegene wat graag aan eKstreme sportsoorte soos rekspring, *skydiving*, *whitewater rafting* en *shark diving* wil deelneem. Inteendeel, Suid-Afrika word bemark as 'n droom bestemming vir almal wat opsoek is na eKstreme avonture soos blyk uit die volgende: "Africa leisure offers African adventures for unparalleled adrenlin rushes" (Africa at leisure, 2003). Suid-Afrika is deel van die globale mark waar sublieme bestemmings as onvergeetlike ervarings bemark word. In die kompetisie wedywer verskillende nasionaliteite om hulle "produkte" (soos berge, kranse, rotsformasies ens.) as die mees "sublieme" te bemark. Soos Alan Marvell (2002) verduidelik:

> Physical features such as mountains and rivers are described as being "the tallest", "the longest" in order to attract visitors. (…) [T]hrough this process national identity becomes asserted and in so doing the differences between national identity and international consumption become increasingly blurred.

Die Suid-Afrikaanse ekstreme avontuurmark spog dan ook met die hoogste kommersiële reksprong in die wêreld vanaf die Bloukransbrug in die Tsitsikama. Die sprong is 'n duiselingwekkende 216 meters met 'n sewe sekondes vryval alvorens die rektou die springer begin terugruk uit die vergetelheid. Hierdie sprong bied 'n unieke "sublieme produk" en bemarkingsgeleentheid aan die Suid-Afrikaanse toerismebedryf.


Rekspring word voorts bemark in Suid-Afrika deur agentskappe met betekenisvolle name soos *Wildthing Adventures*, *Face Adrenalin*, *Africa Safaris Adventure Sports* en *Xplora Tours* wat ondermeer die volgende beloof "Experience the unspoilt Africa of Hemmingway. Sun, wild animals, grandiose landscapes, foreign peoples, adventure – *whatever turns you on"* (Xplora Tours, 2004. Klem bygevoeg). Nie net staan die landskap en sy mense tot diens van die *destination hopping* toeris nie, maar die ervaring self is gekaart en gedienstig gemaak tot die logika van verbruik. Die adrenalien verslaafde toeris kan nou 'n pakket van "sublieme ervarings" saamstel; vanaf hoogste reksprong tot die gevaarlikste wilde diere. Sy safari in Afrika kan nou tot 'n onvergeetlike eKstreme avontuur verhef word. Geen dier is té gevaarlik of kloof té hoog vir die ervaringsoekende toeris van die vroeg een-en-twintigste-eeu nie.

Dié toeris word 'n "avonturiertoeris" (Marvel, 2002) en die natuur self word bestempel as 'n toeristiese aantreklikheid. Die einddoel van die verbruik van toeristiese aantreklikhede is natuurlik om ervarings te versamel, want elke ervaring is meer as blote memento wat in die album gestoor kan word, dit is veel eerder 'n lewensingrypende belewenis. Die feit dat ons in 'n ervaringsekonomie lewe word beklemtoon deur Pine en Gilmore wanneer hulle dit as volg stel: "Whether selling to consumers or companies, firms must recognize that goods and services are no longer enough; customers now want experiences" (2001: 2).

Die ervaring self is van kortstondige betekenis – indien wel. Dit is veel eerder in watter mate die ervaring die verbruiker se lewe verander het, wat die fokuspunt word van die ervaring. Die verbruiker word dus self die lokus van ervaring en daarom word die verbruiker, ironies genoeg, ook die produk in die ervaringsekonomie (Pine & Gilmore, 2001: 1). In die konteks van 'n ervaringsekonomie is die ervarings van rekspringers singewend, soos Martie Swanepoel (2004: 99) haar onlangse ervaring beskryf: "Stadig het die vrees weggedryf en het die ongelooflikste gevoel van trots gekom. Dit was die trotste wat ek nog ooit was op iets wat ek bereik het." In dieselfde trant meld die *SA Bungee* webblad (2002), "Many people undergo an astounding transformation just after they take that leap of faith". Dit beteken dat rekspring 'n lewensveranderende ervaring teweegbring wat herhaaldelik weer verbruik kan word.

Die rekspringer verbruik dus nie soseer 'n produk as 'n ervaring nie, waarvan die ervaring in die transformasie van die self opgesluit lê. Die ervarings word ook opgestapel, versamel en versnel, volgens Claudia Bell en John Lyall (2002: 4) in *The Accelerated Sublime: Landscape, Tourism and Identity*: "Almost all facets of life are accelerating. This is particularly evident in the tourism industry, where consumers want maximum pleasure in minimum time." Dit is byna asof nie nét een ervaring voldoende sal wees nie, maar slegs 'n vloedgolf van ervarings. Dit is ook nie voldoende dat die ervarings afspeel oor 'n langer tydperk nie, maar dit moet teen 'n versnelde pas verbruik word, anders verloor dit trefkrag. Ons kan skynbaar in die ervaringsekonomie alleenlik teen 'n versnelde pas ervaar en verbruik, anders verloor of verbeur ons die vermoeë om te ervaar.

Die bitter ironie van die versnellingskultuur is natuurlik die gevolglike "groeiende inertia" (Virilio, 1997: 20) of vertraging. Die drang na versnelde beweging lei tot die teenoorgestelde, want hoe vinniger ons beweeg, hoe *minder* beweeg ons. Of soos Virilio (1997: 20) dit stel:




Bergklimmer, *Telkom MultiCall* (The Agency, 2001).




Bergfietsjaer, *Telkom MultiCall* (The Agency, 2001).




Bergklimmer, *XSInet* Internet diensverskaffer, 2001 (Admakers Cape, 2001).

"instantaneous transmission tools (…) no longer requir[e] people to be mobile, but merely to be mobile on the spot". Dit beteken dat in die raamwerk van die ervaringstoeris dit nie regtig belangrik is of hy rekspring vanaf 'n hyskraan in San Francisco of van 'n brug in Afrika nie, maar wel die versnellende pas waarteen dit geskied. Neil Lewis (2003: 103) stel dit nog meer sinies:

> [W]hile the duration from the bungy-jump to the purchasing of a T-shirt with one's image emblazones on it (…) has become a matter of seconds. From consuming the extreme experience to consuming the representation of the extreme expereince is all in an afternoon's itinerary for the modern tourist.

Die versnellde ervarings word saam aaneengeryg met ander soortgelyke ervarings totdat dit alles deel vorm van een en dieselfde lang statiese moment van genotvolle verbruik.

**Die eKstreme sublieme en die massamedia**


In die massamedia, veral televisie, word die fenomeen van eKstreme sport en avonture, ook verder gevoed deur 'n vloedgolf van programme wat die ekstreme ervaring as onderwerp het. Op die televisiekanaal, kykNET, is daar *Adrenalien* (2004), *S'camto: Groundbreakers* op SABC1 (2001), *Extreme Adventures* op SABC3 en *Fear Factor* op M-Net waarin die toeskouer saam met die deelnemers tot die breekpunt van aanvaarbaarheid en vrees gevoer word. Die "sublieme", wat in hierdie geval gereduseer is tot vrees vir insektes of hoogtes, word as 'n kommoditeit aangebied en met 'n ambivalente kombinasie van pyn-en-plesier deur

kykers verbruik. Die sublieme kan inderdaad, as 'n "paradoksale ervaring" (White, 1997: 134) beskryf word, wat afspeel tussen plesier en pyn, aantrekking en walging. Die deelnemer wat egter die drie toetse per episode slaag, ontvang 'n prysgeld van R50 000. Dit is dus uiters winsgewend om die sublieme te trotseer, want die beloning is groot.

Die verband tussen eKsterme sportsoorte/avonture en kapitalisme word ook duidelik in advertensies met die onderwerp. Ek verwys spesifiek na 'n advertensieveldtog wat *Telkom MultiCall* in 2001 geloods het. In die advertensies word aangetoon hoedat die verbruiker beheer oor sy ervaringswêreld kan uitoefen deur van die *Telkom MultiCall* opsie gebruik te maak. In een advertensie kan 'n rotsklimmer gesien word wat teen Tafelberg se hange opklim en basies aan haar vingerpunte hang terwyl sy steeds die opsie het om in beheer te wees van haar kontak met die buitewêreld. Die teks lui: "Nou is jy altyd in beheer" en die kleinskrif lees, "Neem dus nou beheer van jou lewe". Alhoewel sy geen hande beskikbaar het om oproepe te beantwoord nie, is sy steeds in beheer van alle inkomende oproepe, want sy kan kies hoe en wanneer sy dit wil ontvang, indien sy dit wel wil ontvang. Sy kan onverstoord haar "sublieme" ervaring van rotsklim geniet, sonder dat sy kontak met die buitewêreld verloor. Dieselfde logika geld vir die tweede advertensie waarin 'n veldfietsjaer ook beheer kan neem van sy kommunikasie met die buitewêreld terwyl hy in die veld rondkerjakker.

In 'n advertensie wat 'n nuwe internetdiensverskaffer (XSInet, 2001) adverteer word adrenalien as die verkoopspunt gebruik. In die advertensie kan 'n bergklimmer in 'n ysbedekte bergtop van agter gesien word terwyl hy met sy yspik sy pad boontoe oopkap. Die kopie lees: "Jy betaal nie vir adrenalien nie. Waarom vir die Internet betaal?" In hierdie geval word eKstreme sport en die gepaardgaande adrenalien vloei bewustelik nie aan 'n geldwaarde gekoppel nie. Tog is dit betekenisvol dat slegs 'n klein groepie goedtoegeruste bergklimmers dié aktiwiteit sal kan beoefen. Daarmee word natuurlik bedoel dat die toerusting nie alleen duur is, maar die kostes wat aangegaan moet word om die eksotiese bestemmings te bereik ook buite die bereik van die gewone landsburger is. Daar kan dus afgelei word dat alhoewel mens nie vir adrenalien of die gepaardgaande "sublieme ervaring" hoef te betaal nie, dit beslis ook nie goedkoop is nie. Dit is slegs vir 'n klein groepie uitverkorenes in die ervaringsekonomie beskore.

In 'n advertensie vir *Nokia* en *MTN*, "Só doen ons dit", 2004, kan 'n pas afgelope reksprong gesien word met die bewoording: "Dis hoe Sandra Truter haar vryheid uitleef". Sandra leef haar vryheid uit aan




Rekspringer, "Só doen ons dit", *Nokia*, 2004 (TBWA/Gavin/Reddy, 2004).

die hand van 'n aantal goed gekose verbruikerskeuses wat sy gemaak het, soos onder andere die feit dat haar selfoon 'n "afhaalbare kamera insluit". Dit is waarskynlik vanaf die kamera wat die foto geneem is op 17 Maart 2004 by die Gouritsbrug na afloop van haar sprong. Volgens die advertensie is Sandra, soos vele ander in die ervaringsekonomie, vry om ervarings ongehinderd te verbruik aangesien nuwe tegnologieë, soos haar selfoon en rekspring, dit vir haar moontlik maak.

Die verband tussen rekspring as 'n "sublieme produk" op die snel beweegende ervaringsekonomie se horison, behoort nou duidelik te wees. In die oorblywende deel van hierdie teks sal ek verder ondersoek doen na die verband tussen rekspring en ander filosofiese vraagstukke, soos die dood en die drang na absolute teenwoordigheid.

**Een brandende moment: filosofiese refleksies**

'n Volledige historiese agtergrond van die sublieme vorm nie noodwendig deel van hierdie artikel nie, maar dit is tog belangrik om aan te dui hoe die konsep vanaf 'n estetiese (Burke) en etiese (Kant) begrip ontwikkel het tot twee uiteenlopende tradisies in die twintigste eeu. Daarom is 'n aantal voorlopige opmerkings oor die historiese sublieme nodig. Die twee groot vertolkers van die sublieme in die moderne westerse tradisie, wat verantwoordelik was vir die oplewing van die idee in die agtiende eeu is Edmund Burke se *A philosophical enquiry into the origin of our ideas of the sublime and the beautiful* ([1757] 1958) en Immanuel Kant se *Critique of Judgement* ([1765] 1982).[2] Die volgende word as subliem deur Kant beskryf: "Bold, overhanging (…), threatening rocks, thunderclouds piled up, (…) volcanoes in all their violence, (…), hurricanes leaving desolation in their track, the boundless ocean (…), the high waterfall." Mensgemaakte konstruksies en geboue soos katedrale kan egter ook tot 'n sublieme ervaring aanleiding gee.

In sy beskouing van die sublieme twyfel Kant nooit aan die soewereiniteit van die Rede of Idees nie. Volgens hom hou die objek of ervaring wat aanleiding gee tot die sublieme ervaring nie werklik ′n bedreiging vir die subjek as verteenwoordiger van die Rede en Idees in nie. Alhoewel die objek as oorweldigend of dreigend ervaar word, hou dit geen ware gevaar in nie. In die Kantiaanse vertolking van die sublieme word die ontmoeting met die dreigende gevaar eerder vertolk as ′n triomfantlike bevestiging van die subjek (Winter, 1997: 127). Die oorwinning van die Rede en die subjek oor die bedreiging word as volg beskryf: "Sublimity, does not reside in any of the things of nature, but only in our mind, in so far as we may become conscious of our superiority over nature within, and thus also over nature without us" (Kant, 1982: 114). Die angswekkende objek gee dus bloot aanleiding tot die sublieme ervaring, maar dit is nie opsigself subliem nie, want die sublieme word slegs in en deur die subjek ervaar. ′n Outentieke belewenis van die sublieme kan dus ook volgens die Kantianse beskouing slegs plaasvind wanneer die subjek nie werklik in gevaar is nie (White, 1997: 129). Daar bestaan dus ′n veilige afstand tussen die subjek en die bedreiging en daarom kan die subjek die luuksheid van die sublieme ervaar. Indien die subjek werklik in gevaar is, geld dit nie meer as ′n outentieke sublieme belewenis nie.[3] Hieruit volg dit dus dat die sublieme ′n bemagtigende ervaring vir die subjek is, want dit bevestig telkens sy mag en verbintenis met die sfeer van onsterflike Idees. Dit is belangrik om klem te plaas op die bevestigende aard van die sublieme vir die subjek, want dit is ′n denktrajek wat grootliks in die ervaringsekonomie gekontinueer word.

Beide Kant en Burke se idees aangaande die sublieme het ′n ontvanklike teelaarde in die laat-twintigste eeuse denke gevind. Volgens Paul Crowther (1995: 10-11) kan daar twee spesifieke tendense in die postmoderne denke rondom die sublieme opgemerk word. Eerstens, waarna hy verwys as die sensasionele sublieme, wat voortspruit uit Burke se idees rakende die sublieme, en dan die meer komplekse sublieme wat uit Kant se kritiese filosofie spruit. Die sensasionele sublieme word gestuur en gevoed deur ′n konstante versnellende aandrang vir dit wat nuut is, vermeng met ′n ooraanbod van inligting. Albei hierdie eienskappe van die sensasionele sublieme kan as tipies van die post-industriële tegnologiese werklikheid beskryf word. Volgens Crowther (1995: 10) gee dié soort sublimiteit aanleiding tot "verslawing". Dit behoort dus nie veel inspanning te verg om rekspring gemaklik met die soort sublimiteit te assosieer nie. Daarteenoor verduidelik Crowther dat die meer komplekse sublieme handel oor dit wat ons oordonder in grootsheid en

onverklaarbaarheid. Die enigste antwoord op hierdie oormag is die rasionele en die denke, soos reeds aangedui in Kant se teorieë. Ek sal probeer aantoon hoedat rekspring by beide die tradisies aansluit.

## Die sublieme en die dood

> The mortal condition and the moment of perishing are always at stake when the *sublime* appears (Deguy, 1993: 9).

Richard White (1997: 136) beskryf die sublieme ervaring as 'n ontmoeting met dit wat geheel en al anders is ("wholly other"). Die dood kan met reg as 'n gans andere belewenis bestempel word. Is die dood nie by uitstek dit wat nie deur ons taal en strukture gebind en verwoord kan word nie? Daarom kan rekspring, wat ook vroeër tergend na verwys is as "selfmoordpraktyk", verder beskryf word as 'n poging om in ontmoeting (alhoewel sterk afgelei van kapitalistiese genot) met die dood te tree. In die Romantiek is hierdie ontmoeting met die dood as 'n "*Todeswunsch*" en "*Sehnsucht nach dem Unendlichen*" (Lokke, 1981: 422) beskryf. Dus letterlik 'n sug na die dood of die oneindige, die onbeskryflike, en die vormlose.


Elke poging van die rekspringer om die dood te ontmoet, faal natuurlik (hopelik?) want anders sou die springer, soos Deguy (1993: 224n9) dit humoristies stel, die "uitgang" gedurende die sprong gemis het. Dit beteken natuurlik die uitgang of terugkeer terug na die lewe en die alledaagse, waaruit die sublieme die springer tydelik uitgeruk het. Rekspring is dus 'n sprong die dood in, maar met 'n skerp terugdraai na die uitgang van die lewe. Indien die sprong noodlottig sou wees, sal dit in my terme volkome subliem wees en in Kantiaanse terme nie meer subliem nie, maar 'n fatale ongeluk. Rekspring is bedoel om juis nie fataal te wees nie, maar die ervaring van die fatale sou naby en eg moontlik na te boots as deel van 'n verbruikersopsie. Inteendeel, so eg word die dood gesimuleer dat liggaam en verstand tydelik geflous word om te glo dat dit wel 'n fatale sprong is. Daarom die gepaardgaande fisiese simptome soos hartkloppings, sweet, naarheid ens., terwyl die verstand terselfdetyd 'n bestaanskrisis beleef. Die verskil egter met Kant se beskouing van die sublieme is dat in hierdie geval die Rede of Idees nie die redding bring nie, maar wel die veiligheidskoord. Craig Vetter (2001) beskryf die ervaring van rekspring: "[what] made bungee jumping seem almost perfect: a chance to drum up the rush that probably goes with a suicidal plunge except that you're attached to a piece of technology that says "Just kidding" at the last moment." Met ander

woorde, rekspring is ′n soort kleedrepetisie vir die dood, wat deur tegnologiese ondersteuning moontlik gemaak word. Terwyl die springer dus kop onderstebo hang na afloop van die sprong, vasgenaelstring aan die koord van lewe, is hy gesuspendeer tussen lewe en dood. Die verskil in evaring (waaroor ek net kan spekuleer) tussen ′n fatale ongeluk en die rekspring ervaring lê tussen ′n simulasie van die dood versus ′n ware ontmoeting met die dood. Rekspring is dus ′n virtuele dood, eg in nabootsing, maar nie in feite nie. In dié verband is Don DeLillo se teks *White Noise* (1984) insiggewend, waarin die moderne mens se verhouding met die dood treffend verwoord word. Die dood word in *White Noise* beskryf as ′n nodige grens of beperking. Soos een karakter dit stel: "Isn't death the boundary we need? Doesn't it give a precious texture to life, a sense of definition?" (DeLillo, 1984: 228). Dit beteken dat die dood definisie aan die lewe skenk, maar dit is ook die een grens wat ons met die meeste angs en ontsag vervul. Ons vrees is ook verstaanbaar: "Never having experienced it [death] – even in simulation – we are in awe, literally in the constant presence of the sublime" (Barrett, 2001/2: 111).

Rekspring is dus ′n poging om wel die dood te ervaar, sonder om die finale prys te betaal, maar soos die vlieënier-karakter in *White Noise* tydens ′n fatale vlug sy doodservaring verwoord: "It is worse than we'd ever imagined. They didn't prepare us for this at the death simulator in Denver. Our fear is pure (…)" (DeLillo, 1984: 90). Dit beteken dat geen simulasie ons kan voorberei vir die ware gebeurlikheid van die dood nie. Rekspring is wel ′n angswekkende ervaring en ′n flirtasie met die sublieme, maar daar is altyd die koord wat verhoed dat die ervaring eg subliem word. In die verband stem ek saam met Laura Barrett (2001/2: 112) se analise van die sublieme as: "The gap between conception and presentation is the sublime, a gap which reason cannot conquer." Rekspring gee ons dus ′n voorsmaak, ′n voorstelling van die dood, maar die dood word nie gerealiseer of voltrek nie. Dit kan ook nie, want die sublieme is werklik onvoorstelbaar of soos Lyotard redeneer, dit is slegs voorstelbaar in die negatiewe. Sodra dit positief voorstelbaar word, met ander woorde sodra daar ′n perfekte pas tussen gebeure en voorstelling kom, het ons die uitgang gemis, soos Deguy dit spottend stel.

**Die sublieme en die strewe na die eKstreme teenwoordigheid**

In ′n kort analise van die verskil in strewe na teenwoordigheid kan daar gekyk word na ′n tipiese Romantiese uitbeelding van die sublieme, teenoor ′n moderne adrenalien gelaaide reksprong. Die Duitse kunstenaar, Caspar David Friedrich (1774-1840) se "Wandelaar wat ′n see van



Caspar David Friedrich *Wandelaar wat 'n see van mis dophou* (1817-1818, olie op doek – Kunsthalle, Hamburg).

mis dophou" (1817-1818), kan as tekenend van die Romantiese sublieme bestempel word. Friedrich se werk is deurdrenk met pastorale oordenking. Die onstuimige natuur lei tot 'n sublieme ervaring in die subjek wat weer tot 'n bevestiging van die goddelike lei. Friedrich se landskappe spreek van 'n diepe religieusititeit en innerlikheid, soos hyself verduidelik: "The artists should paint not only what he sees before him; but also what he sees within him" (Bõrsh-Supan, 1970: 10). Hiermee maak Friedrich 'n duidelik buiging na die kant van die sublieme waarin die subjek in verbintenis met die onsterflike Idees of God tree. In die spesifieke werk staan 'n wandelaar op 'n hoogte en uitkyk oor 'n ontvouende drama in die landskap. Die wandelaar kyk toe op die toneel, hy word nie een met die toneel nie. Daar bestaan dus 'n gesonde afstand tussen wandelaar en landskap wat verseker dat die ervaring in Kant se terme, wel subliem is. Soos Kant (1982: 110-111) dit stel:"Provided our position is secure, (…) we readily call these objects sublime, because they raise the forces of the soul above the height of vulgar commonplace (…) which gives us courage to be able to measure ourselves against the seeming omnipotence of nature."

Soos vroeër aangetoon is afstand 'n nodige vereiste vir die subjek om 'n sublieme ervaring te beleef, andersins verval die sublieme ervaring in 'n tragiese ongeluk. Dit beteken dat die sublieme ervaring 'n gemedieërde ervaring is, dit is nie die oombliklike "nou" van die moment nie. Die sublieme ervaring word bemiddel deur die verstand, wat wel nie 'n volledige greep daarop kry nie, maar tog sy verbintenis met die sfeer van Idees bevestig.

In vergelyking met die rekspringer aan die anderkant, is daar geen sprake van 'n toeskouer wat op veilige afstand die sublieme ervaar nie. Die rekspringer is tydelik ondergedompel in die ervaring. Die afstand tussen toeskouer en ervaring is vernou, asook die gaping tussen konsep en voorstelling. Daar is wel afstand in die sin dat die dood(-konsep) nie oorskry word nie, omdat die veiligheidskoord tussen beide tree.

In eKstreme sport word "representasie" of die gemedieërde werklikheid opsygeskuif (met ander woorde die afstand tussen ervaring en

konsep), ter wille van die drang om een met die moment te wees en dus te verenig met "presentasie" of onmiddellikheid. Rekspring verteenwoordig dus 'n kontemporêre obsessie met die "absolute teenswoordige" (Virilio, 2003: 47). Dit beteken dat die moment of oomblik die brandpunt van die beeldekultuur geword het. Met "lewendige uitsendings" en "intydse kommunikasie", is daar geen tyd om te verspul nie, ons moet in die brandende moment verdwyn. Maar soos Virilio (2003: 43) aandui is onmiddellikheid 'n misleidende konsep, want dit word altyd weer gemedieër of gerepresenteer. Hoe meer ons vasgevries word in oombliklikke ervarings en intydse kommunikasie, hoe meer verval ons in die inersie van onmiddellikheid (Virilio, 2003: 47). En dus hoe minder gebeur daar iets in werklikheid en hoe minder ervaar ons. Die ervaringsekonomie mis dus sy mark.

Die rekspringer is 'n verbruiker van ervarings en die sogenaamde sublieme ervaring van rekspring bevestig nie myns insiens 'n verbintenis met die sfeer van Idees nie. Dit bevestig veel eerder die drang om nóg 'n sublieme ervaring te ervaar. In die plek van oordenking tree versnelling en uiteindelik verslawing in. Die sublieme wat deur rekspring geïnduseer word, deel nie die morele kategorieë van Kant se sublieme nie. Sublimiteit het nou 'n verbruikersitem geword wat volgens die individu se voorkeure gegiet is.

## Ten slotte

Ons leef in 'n ervaringsbehepte kultuur met 'n ooraanbod van eKstreme ervarings, omdat die "gewone" en klein ervaring (die analogiese, die representatiewe, die poëtiese) skynbaar enige betekenis verloor het. Kant stel dit tog duidelik dat die sublieme nie net in die grootse en oordonderende gevind kan word nie, maar ook in die alledaagse en onverwagse kleine. Rekspring is simptomaties van 'n kultuur wat juis, paradoksaal genoeg, 'n gebrek aan ervaring beleef. Daarom word die "sublieme" nou aangebied as *cheap thrill* om die leë ervaringshorison te vul. Maar soos met enige ander verslawing – hoe meer en hoër jy spring, hoe meer verloor die ervaring sy trefkrag en hoe meer moet die dosis verhoog word, ten einde die nodige effek te hê.

**Aantekeninge**

1. Daar word algemeen na eKstreme sportsoorte en avonture verwys as met 'n hoofletter "K" (of X in Engels) om juis aandag te vestig op die gevaarlike en uitdagende aard daarvan.
2. Alhoewel Kant die onderwerp van die sublieme ook in ander tekste soos *Observations on the Feelings of the Beautiful and Sublime* [1764] ondersoek het, word die *Critique of Judgement* die mees algemeenste in literatuur oor die onderwerp as grondteks behandel.

3. Dit beteken natuurlik dat my aanvanklike tesis dat die persone wat na hulle dood gespring het vanuit die Twee Torings nie 'n egte sublieme ervaring is volgens die Kantiaanse skema nie, omdat daar geen veilige afstand is vanwaar die bedreiging beskou kan word nie. Reksprong sal wél volgens die skema as 'n interessante weergawe van die sublieme bestempel kan word, waar daar beide afstand en nabyheid is.

**Bronnelys**

*Africa at Leisure: Extreme Adventures South Africa*, 2003. [A]. Beskikbaar: http://www.africa-at-leisure.com/extreme-safari-adventure.htm. Besoek: 30 Maart 2004.

Barrett, L. 2001-2002. "How the dead speak to the living": intertextuality and the postmodern sublime in White Noise. *Journal of Modern Literature* XXV(2) (Winter): 97-113.

Bell, C. & Lyall, J. 2002. *The Accelerated Sublime: Landscape, Tourism, and Identity*. Westport, CT: Praeger Publishers.

*Bungee.com.* [A]. 2004. Beskikbaar: http://www.bungee.com. Besoek: 12 Maart 2004.

Bungee jumping in South Africa. 2002. *South African Tourism*. [A]. Beskikbaar: http://www.safrica.info/plan_trip/holiday/roughing_it/bungee.htm. Besoek: 30 Maart 2004.

BungeeZone. 2004. [A]. Beskikbaar: http://www.bungeezone.com/history/. Besoek: 30 Maart 2004.

Borsch-Supan, H. 1990. *Caspar David Friedrich*. London: Thames & Hudson.

Burke, E. 1992. [1757]. *A Philosophical Inquiry into the Sublime and the Beautiful*. Oxford: Oxford University Press.

Crowther, P. (Ed). 1995. *The Contemporary Sublime. Sensibilities of Transcendence and Shock*. London: Academy Group.

Crowther, P. 1995. The postmodern sublime. Installation and assemblage art. In Paul Crowther (ed.). *The Contemporary Sublime. Sensibilities of Transcendence and Shock*. London: Academy Group, 9-17.

Deguy, M. 1993. The discourse of exaltation (Måãáëçïñåéí): contribution to a rereading of Pseudo-Longinus. Trans. Jeffrey S. Librett. In *Of the Sublime: Presence in Question* J-F. Courtine, M. Deguy, E. Escoubas, P. Lacoue-Labarthe, J-F. Lyotard, L. Marin, J-L. Nancy, J. Rogozinski. New York: Sate University of New York Press, 5-24.

Kant, I. 1982. [1765]. *Critique of Judgement*. Trans. L. Meredith. Oxford: Claredon Press.

———. 1987. [1765]. *Critique of Judgement*. Trans. Werner S. Pluhar. Indianapolis: Hackett Publishing.

Lewis, N. 2003. "The accelerated sublime: landscape, tourism and identity." [Book review]. *Leisure Sciences*, 25(1): 103-5.

Lokke, K.E. 1981. The role of sublimity in the development of modern aesthetics. *Journal of Aestehtics and Art Culture* 40: 421-29.

Lyotard, J-F. 1993. *The Postmodern Explained. Correspondence 1982 – 1985.* Trans. Julian Pefanis & Morgan Thomas. Minneapolis & Londen: University of Minnesota Press.

Marvell, A. 2002. *The Accelerated Sublime: Landscape, Tourism and Identity*. [Book review]. *Leisuretourism.com*. [A]. Beskikbaar: http://www.leisuretourism.com/Books/Book_Reviews/rev07.asp. Besoek: 13 April 2004.

Muller, K. 1970. Land diving with the Pentecost Islanders. *The National Geographic Magazine*, December, 799-817.

Pine, J. & Gilmore, J.H. 2001. Experience economy. All the world's a stage! *Future – The Aventis Magazine* 01.

*SA Bungee Jumping.* 2004. [A]. Beskikbaar: http://www.sabungee.co.za/. Besoek: 24 Maart 2004.

Swanepoel, M. 2004. My los skroef! *Sarie.* Maart, 96-99.

Vetter, C. 1990. Rubber jump. *Playboy*. September, 123-25.

Virilio, P. 1997. *Open Sky*. Trans. Julie Rose. London & New York: Verso.

———. 2003. *Art and Fear*. Trans. Julie Rose. London & New York: Continuum.

White, R. 1997. The sublime and the other. *HeyJ* XXXVIII: 125-143.

*Wildthing, South Africa Adveture Travel.* 2004. [A]. Beskikbaar: http://www.incredible-adventures.com/wild_things.html. Besoek: 23 Maart 2004.

Xplora Tours. 2004. [A]. Beskikbaar http://www.hermanus.co.za/com/xploratours/treasures.htm. Besoek: 23 Maart 2004.